**23 Mei (Pinkstersondag)**

Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13
Fokusgedeelte: Handelinge 2:4

# Verkondig die evangelie wat jy in Afrikaans hoor, in alle tale

Jy het die evangelie op geen ander manier gehoor as in jou eie moedertaal nie. Dit is ’n wonder wat begin het daardie dag in Jerusalem met die uitstorting van die Heilige Gees. Mense vanoor die destydse wêreld was in Jerusalem byeen om die Pinksterfees te vier.

By al die gebeure wat met die uitstorting van die Heilige Gees gepaardgegaan het, staan ons vandag stil by die heel eerste gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees. Die Galileërs begin naamlik onder die leiding van die Heilige Gees in vreemde tale praat. Verklaarders is dit feitlik eens dat die Jode hier in bestaande wêreldtale van daardie tyd gepraat het. Wat ’n wonderwerk. Dit is ’n wonder dat ’n mens skielik in ’n vreemde taal begin praat. Stel jou voor dat jy skielik in Koreaans of Portugees of Frans kan begin praat.

Groter as dit is egter die wonderwerk dat daar op daardie dag begin is om die evangelie van Jesus Christus oor die wêreld in verskillende tale te verkondig. Die Goeie Nuus breek deur die bekende grense van daardie tyd. Soos wat die wind nie gekeer kan word nie, so kan die Goeie Nuus nie gekeer word nie. Waar die Gees is, word die Woord verkondig. Die band tussen die Gees en die Woord kan nie genoeg beklemtoon word nie. Wanneer ons Handelinge lees, tref dit ons telkens:

- Net hierna verkondig Petrus die evangelie en 3 000 mense kom tot geloof (2:41).
- Die gelowiges lê hulle heelhartig toe op die leer van die apostels (2:42).
- Petrus en Johannes verkondig die Woord (3:11 ev).
- Stefanus verkondig tot in sy sterwensuur die Goeie Nuus (7:56).
- Wanneer die gelowiges weens vervolging moet vlug, verkondig hulle die evangelie so ver as wat hulle gaan (8:4).

Wanneer die Heilige Gees besit van iemand se lewe neem, gaan sy tong los. Dan hou geen grens – ook nie ’n taalgrens – hom terug om die Woord te verkondig nie. Dan versprei die evangelie soos “’n veldbrand”. Jy hoor die evangelie in jou moedertaal. Mag jou tong losraak om die evangelie te verkondig. In Afrikaans en in watter taal ook al nodig mag wees.

Sing: Psalm 67:1, 2 (2001)

Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)